

**BEROEPENUUS— 15 Des . 2013****Beroepe aanvaar**

Dr FP Kruger van Meyerspark na Teologiese Skool Potchefstroom as professor in Praktiese Teologie

**Beroepe bedank**

Ds CJ Nagel [jr] van Nylstroom na Walvisbaai/Swakopmund/Hentiesbaai

**FOTO-PROJEK**—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is [muriel@muriel.co.za](mailto:muriel@muriel.co.za). Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

**Belofte en eis van die doop – B Holwerda (3) vervolg van verlede week)**

Dit is vir ons bekend uit die doopsformulier dat die doop ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. En dit staan ook in Sondag 26. God belooft wel dat ons deur die Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig sal word, maar alleen op dié manier, dat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe. God skenk dus wel die belofte van vergewing en vernuwing, maar altyd só dat ons verantwoordelikheid gehandhaaf word. Hy belooft die saligheid alleen aan die wat glo. 'n Mens kan dus sê: die belofte word onvoorwaardelik gegee. Maar die vervulling, die uiteindelijke vervulling van die belofte kom slegs tot stand langs die weg van geloof en bekering, en nooit anders nie. Want 'n belofte is altyd 'n verpligtende iets, dit is nooit iets wat ek maar kan ignoreer nie. Wil 'n mens dus die heilsbelofte onvoorwaardelik noem, dit is om 'tewe. As 'n mens maar nooit vergeet dat 'n onvoorwaardelike belofte terselfdertyd 'n onvoorwaardelike verpligting is: God lê eenvoudig beslag op alle gedooptes en Hy eis hulle harte en siele en al hulle kragte op. Onvoorwaardelike genade by die doop? Inderdaad, maar daarom ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid in antwoord op die doop. *SLOT*

Vandag – Koos Venter 0825075926	19/12– Esme Coetzee 0823615433
17/12– Mineze Taylor 0848238180	20/12– Chantelle van Jaarsveld 0829251055
18/12– Diederik Von Stade 0840744498	22/12– Pina Schalekamp 0768454888
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

As 'n man se hekke sleg is, hoef jy nie na sy heinings te kyk nie; en as hy sy perd mishandel, hoef jy nie na sy vrou te verneem nie – CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp  
0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)  
E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287  
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154  
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar  
012- 3233194  
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745  
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106  
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108  
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

15 Desember 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00)****Skriflesing:** Mattheus 11:2-6**Teks:** Mattheus 11:3,6**Sing:** Ps. 40:2; Ps. 119:17; Ps. 42:5; Ps. 85:4**OM NIE AANSTOOT TE NEEM NIE**

Nooit is Jesus bekroon met 'n Nobelprys vir vrede nie, nee Hy is later oor die vrede wat Hy verkondig, onder 'n doringkroon geplaas, sy vrede het die kruis vir Hom beteken. Hy word 'n gekruisigde Verlosser - (hoe vreemd tog!) dit laat mens besef die unieke van die vrede en die werke wat Hy gedoen het. Dit maak dit soveel meer merkwaardig as Hy sê... *salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.*

Dit is so maklik om Hom nie te verstaan nie, dit is so maklik om aan Hom aanstoot te neem. Johannes die Doper het dit oorgekom!

**KATKISASIE**– Katkisasie het afgesluit**TWEEDE EREDIENS— (10h30)****Skriflesing:** Psalm 1 en 2**Teks:** Psalm 2:1,4**Sing:** Ps.92:1,6; Ps. 1:1,4; Ps. 2:1,5,6**VREDE SONDER DIE HERE IS LAGWEKKEND**

*Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle...* Die Here lag oor hoe mense vrede kan bedink, maar hulle gebruik wapens en geweld om vrede te probeer skep. Weet u, as Jesus Christus nie daarby is nie, dan lag die Here vir hulle! Is dit nie lagwekkend hoe mense reg en geregtigheid kan soek, maar sonder die Regverdige, sonder Jesus Self ...

**GELOFTE DIENS**

(Maandag 16 Des 09h00)

**Skriflesing:** Josua 9:1-18**Teks:** Josua 9:14**Sing:** Ps. 145:1,10,11; Ps. 34:5,6; Ps. 25:1,2**RAADPLEEG DIE HERE**Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/l2P9mzH>

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
0012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 23 en 24**

Ouderlinge: Johan de Jonge

Diakens: Johan du Plooy

**Geloftedag– Wyke 25 en 1**

- Wille J van Rensburg; Deon Vosloo; Marinus Lorst;

**Volgende Sondag (22/12) – Wyke 2 en 4**

Ouderlinge: Koos v/d Merwe en Steve Joubert

Diakens: André Koen en Francois Keulder

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

Br Frikkie Knoesen word herstel toegebied na die groot operasie wat hy ondergaan het. Die Here het hom deur 'n sware tyd gelei. Ons bid hom volkome herstel toe. Br Phil van der Merwe het die sware nuus moes verneem dat die dokters nie verdere behandeling kan oorweeg nie. Soos in die afgelope tyd van meer as 'n jaar kan ons net saam met hulle bid en glo dat God steeds nuwe hoop en krag kan gee. Sr's Connie Buys en sr Ciska Odenaal se gesondheid het 'n insinking gehad. Mag daar ook weer vir hulle verligting wees. Ds. Andries Mulder word herstel toegebied na sy groot terugslae in sy gesondheid. Ons is dankbaar om te sien die besondere herstel wat reeds plaasgevind het. Sr Ann van der Merwe is met kanker gediagnoseer. Sy is ook weer by die huis. Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. Br Kallie Tromp word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Weskoppies. Sr Cora Kruger bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. Sr Rina Aucamp bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Br. Jurie Malan wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. Sr Anna Eloff is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE**

Sr Annatjie Badenhorst het laat weet dat die koekies vir ons lidmate ouer as 70 jaar is gereed. Baie is reeds uitgedeel. As u nog u pakkie moet afhaal dit word in die kombuis uitgegee. Sy het namens haar span almal wil bedank wat 'n bydrae gelewer het hetsy deur 'n skenking of gehelp het met die bak van die koekies. Dit word opreg waardeer.

**KONINGSKINDERS-ETE**

Aan almal wat skenkings gemaak het, bydraes gegee het en Donderdag gehelp het met die voorbereiding en bediening van die Konings-kindere ete, hartlike dank. Dit was 'n groot sukses en ons is dankbaar om so die kinders te help vir wie hierdie ete en die hele kamp baie beteken.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>22/12/2013 1ste diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
16/12	Gelofedag Erediens 9h00
19-21/Des	Ds. Petrus en oudl. Jan du Plessis in Zambië
22/12-11/01	Ds. Petrus met verlof
25/12	Kersdag Erediens 9h00
15/01	Skole begin

**ZAMBIË– VOERTUIG !**

Met groot dankbaarheid het ons hierdie projek van stapel gestuur. Die insameling is deur die hele kerkverband geloods. Dit het 'n bedrag van R180 000 opgelewer. Ds. Petrus en oudl. Jan du Plessis vertrek DV Donderdag na Lusaka om vir ds. Charles dan die voertuig aan te koop en die laaste reëlings te tref en dit dan af te gee. Mag u in u gebede aan ons dink dat ons die regte voertuig mag vind en sal kan koop. Aan almal wat hiertoe bygedra het ons dank in die Here. Daar kan van oop harte en hande oor van dwarsoor ons land getuig word en ook uit ons gemeente wat mildelik tot die fonds bygedra het.

**SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderhuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nummer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*  
**MATTHEÛS 9:11**

**9:11, Fariseërs** – Hulle het hulle self baie hoog geag omdat hulle nie omgang met "tollenaars en sondears" gehad het nie. Vir hulle was hulle veroordeling van hierdie mense deel van hulle verdienste voor God. Hulle het beseft dat nie net Christus se woorde nie, maar ook Sy dae vir die dissipels 'n lering was. Hulle rig waarskynlik daarom dan 'n aanval op die dissipels, om hulle teen Jesus te beïnvloed.

**9:12-13:** Soos altyd het ons Here 'n antwoord vol goddelike wysheid. Hy antwoord nie eers die Fariseërs se neerhalende woorde nie, maar wys met Sy antwoord dat hulle vanuit hulle houding geen baat by Hom sal vind nie. Dit wys hulle hoogmoedigheid teen sondears af.

**9:13, barmhartigheid** - Jesus antwoord verder die Jode uit die OuTestament (Hos 6:6), met wat eintlik 'n vervloeking is oor mense wat nie die liefde as vervulling van die Wet ervaar nie – soos die geval met die Fariseïsme was.

*Na hierdie vers is ook deur Totius verwys in 'n artikel oor die diaken se roeping. "Die diaken moet liefde kweek vir die ellendiges van God." Dit is deel van die lewendige gemeente se wese. Die diaken se werk is baie belangrik, omdat hy ons toon dat "die hele wet vervul word in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Gal 5:14).*

**9:14, vas** – Dit kan wees dat die fees by Mattheüs se huis was op een van die mensingestelde vasdae van die Jode. Johannes die Doper se dissipels sou die Joodse vaste seker ernstig gehou het, as uirdrukking van berou oor sonde, ook as gevolg van die volk se onderdrukking onder heidene en uitverlange aan die Verlosser.

**9:15, bruilofsgaste** – Jesus se antwoord aan die dissipels van Johannes die Doper moes hulle terug voer na Johannes se woorde met Sy doop, dat Hy die Lam van God is, wat die Koninkryk van die hemele aan ons bring. Mens rou tog nie met 'n huwelik nie. Hy gryp

voort na Sy hemelvaart, as die tyd waarin die Bruidgom weg sal wees. In die eindtyd sal daar deur die vervolgings en die sonde se toename op aarde wel baie rede wees vir die gelowiges om te vas en bid. Dan sal dit nie 'n leë pligpleging wees nie, maar kom uit diep nood.

Jesus is nou hier, in antwoord op eeue se gebede. Hierdie rede om te vas is nie meer nodig nie. Die Bruidgom is hier.

**9:16, aangelapte stuk** – Die verouderde en mensgemaakte soort godsdiens van die Jode pas nie by die nuwe, varse Christelike godsdiens nie. Christene moet nie hierdie gebruike as 'n las met hulle saam die toekomst inneem nie, want dit sal net so skade doen as wat 'n ou of oud aan nuwe materiaal doen.

Hierdie woorde moet in gedagte gehou word wanneer mens hoor hoe God die Galasiërs en Kolossense in Paulus se briewe vermaan het teen die Judaïste, wat die Christene wou hou by vervalde Ou Testamentiese wette en Joodse gebruike. So het Johannes se dissipels aanvaar dat die Messias moes kom, maar hulle wou die wettisisme nie laat vaar nie.

**9:17, nuwe wyn** – Om die Christelike leer met Ou Testamentiese kere te wil omhul, is soos om nuwe wyn in ou sakke te gooi.

**9:17, wyn** – Op 'n vraag, of die gebruik van wyn uit die Skrif geregverdig kan word, is ook hierdie vers aangehaal deur Totius. Oral in die Skrif is sprake van drank wat "in mindere of meerdere mate gegis is." Jesus praat hier van die veroudering en gisting van wyn in sakke, soos die gebruik was. **Anti-alkohol mense** wat die Skrif wil gebruik, word hierdeur weerlê, omdat die woord vir wyn hier en elders nie op alkohol-vrye drank wys nie. *Totius wys dan op die hermeneutiese (Skrifverklarings-) reël, dat Skrif met Skrif verklaar word: dit beteken dan dat die plekke waar verhaal word van gebruik van wyn deur gelowiges, dit nie maar net druiwesap was nie.* [Onduideliker dele word vanuit duidelike dele verklaar.]

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

3 Des 1967– Dr. Chris Barnard doen eerste hartoorplanting in die geskiedenis; 5 Des 1894– Pres CR (Blackie) Swart gebore; 6 Des 1838– Gelofte die eerste keer afgelê; 7 Des 1799– Geboorte van Hans (Dons) de Lange; 8 Des 1914– Genl. Beyers verdrink in die Vaalrivier; 8 Des 1872– Stigting van die Gerf kerk Steynsburg; 9 Des 1881– Dood van pres TF Burgers; 11 Des 1899– Slag van Magersfontein; 13 Des 1915– Adv (Pres) BJ Vorster gebore; 13 Des 1920– Ds. Willem Postma (dr. O Kulis) oorlede; 16 Des 1838– Slag van Bloedrivier; 16 Des 1852– Genl. AH Potgieter oorlede; 19 Des 1792– Genl. AH Potgieter gebore; 20 Des 1914– Jopie Fourie doodgeskiet; 25 Des– Kersfees; 25 Des 1497– Vasco de Gama ontdek Natal; 28 Des 1890– Dirk Postma oorlede; 30 Des 1891– NG Kerk Drakenstein in die Paarl gestig; 31 Des 1687– Aantal Hugenote seil uit Delft na die Kaap